

DIE VESTIGING VAN DIE EERSTE VRYBURGERS AAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP — II

Voorwaardes van vrywording soos gestel deur Jan van Riebeeck

Die besluit om persone toe te laat om hulle buite die diens van die V.O.C. aan die Kaap te vestig, was 'n baie belangrike uitvloeisel van die verversingspos aldaar. Soos reeds daarop gewys, het hierdie ontwikkeling uit die V.O.C. se begeerte om die pos van 'n las tot 'n bate te omskep, voortgevloei. Lg. motief het dan ook tot die bereidwilligheid aan die kant van die V.O.C. meegehelp om die vestigingsvoorwaardes vir die voornemende vryburgers redelik te maak. Gevolglik was dit vir amptenare 'n aansporing om 'n nuwe begin onder die vryburgerskema te maak.

Dit moet deurgaans in gedagte gehou word dat die V.O.C. hierdie skema as van langtermynvoordeel beskou het en ten spyte van die inisiële kapitaaluitleg wat dit geverg het, was die maatskappy hoopvol dat die uitgawes daaraan verbonde produktief aangewend is en dat dit mettertyd wel verhaal sou kon word.

Namate die vryburgers meer gevestig geraak het, is daar meer en meer aan die oorspronklike voorwaardes getorring, meer en strenger stipulasies is veral ten opsigte van hoe en waarmee geboer moes word, neergelê en handelsregulasies is vir die nietigste redes gewysig — veral waar die V.O.C. se monopoliestrewe op die spel gekom het. Hierdie handelswyse het op sigself tot ontevredenheid aanleiding gegee, soos later deur die klag-skrif van 1658 bewys is.

Kommandeur Van Riebeeck, nougesette amptenaar soos hy was, het bo en behalwe sy aandeel aan die opstelling van die oorspronklike voorwaardes, baie van die latere wysigings daaraan self aanbeveel. Die feit dat hy onverpoosd deur die V.O.C.-direkteure en senior amptenare gemaan is om te bespaar en om terselfdertyd die doeltreffendheid van die Kaap as verversingspos te verbeter, het veral hiertoe aanleiding gegee. Ander aanbevelings ten opsigte van vestigingsvoorwaardes was hoofsaaklik afkomstig van die Here XVII self asook van besoekende kommissarisse aan die Kaap.

Die vryburgerskema is nie op 'n oorhaastige of onbeplande wyse in werking gestel nie. Inteendeel, Van Riebeeck het baie tyd en nougesette aandag bestee aan voorbereidingswerk en beplanning oor hoe die skema syns insiens ingestel behoort te word. Hieroor het hy die Here XVII dan ook van tyd tot tyd pligsgetrou ingelig. Om meer kennis en groter sekerheid oor die beplande skema op te doen, het hy verskeie standplase ondersoek en uitgebreide proewe, veral met die verbouing van graan, gemaak. Hierdeur kon onnodige foute, onkoste en mislukking dan uitgeskakel of voorkom word.¹

Dit blyk dus duidelik dat Van Riebeeck homself in 'n groot mate vir die lotgevalle van die toekomstige vryburgers verantwoordelik gevoel het

1. Robertson, H. M.: *The Economic Development of the Cape Under Jan van Riebeeck*, *South African Journal of Economics*, Vol. 13, No. 2, p. 75.

en dat hy homself vooraf eers daarvan wou vergewis of daar redelike hoop op sukses vir hulle was. Voordat daar dus tot die uitgee van plase oorgegaan is, het Van Riebeeck presies geweet wat hy van die vryburgers kon verwag en dit verklaar ook in 'n mate sy latere ongeduld toe hulle nie met genoegsame vlyt en ywer hul plase bewerk het nie. Op hierdie wyse is 'n stewige basis gelê vir die sukses van die vryburger-onderneming en die voorwaardes wat die kommandeur vir hulle vestiging aanbeveel het, is in 'n groot mate op hierdie praktiese waarnemings wat hy vooraf gemaak het, gebaseer.

As gevolg van die intieme kennis wat hy van die omgewing van Tafelbaai gehad het, kon hy die Here XVII met goeie raad bedien en soms, wanneer hy nie daarmee kon saamstem nie, het hy selfs sekere opdragte terugverwys. So het hy byvoorbeeld nie met die Here XVII se aanbeveling genoeë geneem dat die skema by Houtbaai aangelê moet word nie en suksesvol aanbeveel dat dit agter Tafelberg, waar die grond vrugbaar was, die gesaides teen die Suidooste-wind beskerm was en waar ook volop en maklik bekombare boumateriaal vir die burgers se woning was, meer geskik was.²

Van Riebeeck het skynbaar besef dat al sou toestande ook hoe belowend wees, nie veel vermag sou kon word indien die mensemateriaal nie na wense was nie. Bowendien was die Kaap 'n baie klein en afgeslote gemeenskap en bandelose mense sou ongetwyfeld die vrede en harmonie verstoer het.

Hy was daarom baie begaan daarvoor dat ongewenste persone nie toegelaat moes word om hulle aan die Kaap as vryburgers te vestig nie. In hierdie verband het hy gepraat op gesag van die kennis wat hy oor die gedrag van vryburgers in Batavia en ander Oosterse besittings van die V.O.C. opgedoen het en wou hy die Kaap dus van probleme wat hy in hierdie gebiede waargeneem het, vrywaar. Die Kaap moes „gestabiliseer” word en blote fortuinsoekery moes vermy of verhoed word.

Hy was veral baie begaan oor die geneigdheid van vryburgers om na hul vaderland terug te keer sodra hulle as vryburgers welgesteld geraak het. In dié verband het hy verklaar: „ . . . oft de vrije huijsgesinnen al soudén genegen wesen behoerlijcke naersticheijt aen te wenden tot de culture is vrij aen te twijffelen alsoo d'exempeln veel geleert hebben dat de meesten haer ooghermerck maer is om metter haest de sacken vol te rapen, ten welcken eijnde het dan liever datelijck oopen tappen ende snappen setten tot groote debauche van 't volcq”.³ Dat hierdie vermoedens goed gegrond was, blyk duidelik uit wat De Jonge skryf oor die gedragswyse van Coen se vryburgers in Batavia: „ . . . de beginselen syn door de Generael Coen zaliger met cleentgies geleijt, door de blinde liefde van Batavia's aenwas, op insichte om de getroude te soulageren in haere swaere huijshouginge ende opdat se niet soudén hebben te verteeren alle haere

2. Leibrandt, H. C. V.: *Precis of the Archives of the Cape of Good Hope, Letters Despatched*, Vol. II, p. 93.

3. *Ibid.*, p. 93.

maentgelden . . . : daarnaer heeft men wat meerder toegestaan, opdat de luyden mochten resolveren om vrij te worden ende haer hier neder te setten, huysen te timmeren, slaven te coopen, die tot visschen en thuijnen te gebruijken . . . , ende op alsulcke insichten de vryheijt argumenterende, soo gevoelt men ende siet men nu, dat ons Nederlanders hebben contrary insicht, dat is om spoedich veel te grasen ende te eerder in 't patriam te keeren soo by voorige ende alsnu overgaande aengemerckt wordt".⁴

Verdere bevestiging van hierdie optrede kan ook afgelei word uit die skrywe van Goewerneur-generaal Van der Lyn aan die Here XVII in 1649. Hy skryf naamlik dat „ . . . de Nederlandse burgerije . . . zag slechts uit . . . naar het op gemakkelijke wijze verzamelen van middelen in Indie, om die in Nederland te gaan verteren; zonder dat sij te eeniger tijd besluiten kon om Batavia te helpen stabilieren. Zoo lang de leden arm zyn, houden zij zich bezig, om middelen magtig te worden; maar die bekomen hebbende, beginnen zij tegen de Compagnie en tegende ordre van Heeren Meesters te maligneren, en als zij eindelijk bemerken, dat zij hun oogwit niet kunnen bereiken, vertrekken zy vol misnoegen naar het moederland".⁵

Vir die sukses van sy skema was die Kommandeur baie begaan dat die Kaapse vryburgers nie van die bogenoemde standpunt moes uitgaan nie. Hy wou dus probeer verhoed dat mense sonder die nodige deurstellingsvermoë en wat op blote fortuinsoekery uit was, aan die skema sou meedoen. Om dus te verhoed dat die vryburgers, soos in Indië „ . . . soo haest de sack vol hebben, maer soecken weder na 't Vaderlant te gaen"⁶ doen hy aan die hand dat „ . . . voor de vrije huisgezinnen geconditioneert wierd een verbant van ten minsten thien jaren verblijff, ende voor haer mede nemende kinderen 20 waerdoor d' ouders dan apparent altyt van natuijren wegen g' inclineert ende ge' animeert souden blijven uijt affectie tot hare kinderen voor deselve hun landerijen meer ende meer alhier te verbeter . . .".⁷ Op hierdie manier was hy van mening sou die vryburgers „ . . . mettertijt heel van Hollant affwennen ende eenemaal van dese plaetse haer vaderlant mogen maecken, ende bovendien te meer naerstigheijdt aenwenden tot de culture die tot bequamheijdt comende . . .".⁸

Hierbenewens het Van Riebeeck ook verduidelik watter persone hy as die geskikste beskou, te wete „de sulcke hier reeds gewent ende 't landt bekend sijn",⁹ terwyl die Politieke Raad op 1 Oktober 1655 onder sy voorsitterskap 'n resolusie goedgekeur het dat daar gepoog moes word om te verseker dat „getroude personen te meer zullen g' animeert blijven tot continuatie aen dese plaetse".¹⁰ Hy het „natuurlik heeltemal tereg gemeen

4. De Jonge, J. K. J.: *op. cit.*, *De Opkomst van het Nederlandsch Gezag In Oos-Indië*, Vol. V-VI, p. 196.

5. *Ibid.*, p. ii (Hoofstuk 10).

6. Leibbrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Despatched*, Vol. II, p. 93.

7. *Ibid.*, pp. 93-95.

8. *Ibid.*, p. 95.

9. C. 493: *Uitgaande Brieven, 1652-1661 (K.A.)*, p. 429.

10. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Resolusies van die Politieke Raad, Kaap Nr. I (1652-1662)*, p. 60.

dat mense wat volslae vreemdelinge aan die Kaap was, nie geskik sou wees vir die veeleisende kolonisasiewerk onder moeilike omstandighede in 'n afgeleë, onbeskaafde land nie, en dat hulle veel beter in staat sou wees om 'n sukses van hul boerdery te maak as hulle op voorhand kennis omtrent die natuurlike toestande plaaslik opgedoen het".¹¹

Indien daarin geslaag kon word om mense te oorreed om op 'n langtermynbasis aan die Kaap te bly, het Van Riebeeck nie slegs verwag dat die landbou goeie vordering sou maak nie, maar dat „voor d' E: Compe occasie mochte uitgevonden worden omme de landerijen dan soodanige impositie op te leggen als de gelegentheit van saecken mochte vereijsschen ten eijnde U Ed. voor haere draegende oncosten mettertijt oock eenigh soulaes mochten trecken behalven dat aen de manufacturen ende Europise oft Indische provisie . . . moghte geprovideert worden".¹²

Van Riebeeck het nie gewefel om die Here XVII van sekere verpligtinge wat ten aansien van die vryburgers nagekom sou moes word, op hoogte te stel nie. Hy het verwag dat die aspirant-vryburgers „behoeftige ende arme huijsgesinnen van cleijne reputatie"¹³ sou wees en dus nie die geld of ander middele sou besit om hul boerderye selfstandig te ontwikkel nie. Om hierdie rede sou die V.O.C. „haer vooreerste soude moeten getroosten alle soodanige huijsgesinnen soo lange te spijsen ende de cost ende huijvestingh te geven off laten maecken tot sij hare landerijen tot eenige bequaemheijdt hadde gebracht, die se dan oock voor sommige jaren souden dienen sonder belastinge te besitten om na verloop van tijt eerst met sulcke tributen te beswaren als na de gelegentheit mochte bevonden worden te vereijsschen".¹⁴

Bowendien het hy goed beseft dat die voornemende vryburgers „die moederland nie maklik sou verlaat om hulle in 'n verre onaanloklike oord, vol moeilikhede en gevare, metterwoon te vestig nie; in die nuwe land moes daar vir hulle middele van bestaan, sowel as die moontlikheid om na verloop van tyd welgesteld te word, voorgehou word".¹⁵ Dit was sins insiens dus noodsaaklik „dat om huijsgesinnen hier te stabileren . . . oock dient gedacht op middelen waerbij haer deselve niet alleene souden cunnen erneren maer oock eenighsints mogen ijtwes conquesteren, sonder welke hoope sigh niemant aen soo een wilt ende woest landt sal begeven . . .".¹⁶

Uit die bostaande blyk dit duidelik dat Van Riebeeck alle aspekte van die vryburgerskema met groot noukeurigheid nagegaan en oorweeg het, en dat hy die „regte perspektief en 'n goedgebalanseerde oordeel gehad het".¹⁷

Om risiko's verder uit te skakel was hy ten gunste daarvan dat daar aanvanklik op klein skaal begin moes word.¹⁸ Hy was blykbaar ook van

11. Thom, H. B.: *Kolonisasiedenkbeelde van Jan van Riebeeck*, *Tijdschrift voor Geschiedenis*, 52ste Jaargang, Afl. I, 1937.

12. Leibbrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Despatched*, Vol. II, p. 95.

13. *Ibid.*, p. 93.

14. *Ibid.*, p. 93.

15. Thom, H. B.: *op. cit.*, p. 4.

16. Leibbrandt, H. C. V.: *Letters Despatched*, Vol. II, p. 93.

17. Thom, H. B.: *op. cit.*, p. 2.

18. Leibbrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Despatched*, Vol. II, p. 96 en pp. 161-163.

mening dat indien 'n te groot aantal tegelyk toegelaat sou word om vryburgers te word, die hulp wat hulle van die V.O.C. te wagte kon wees, baie gering sou wees. Uitbreiding kon derhalwe liewers oor 'n langer tydperk versprei word sodat groter sekerheid en voordele aan iedereen verseker kon word.

Aangesien die vryburgers in 'n groot mate van hul boerderyinkomstes afhanklik sou wees, het Van Riebeeck ook aan die regte wat hulle op hierdie terrein moes geniet, aandag geskenk. In die eerste plek was hy daarop gesteld dat die V.O.C. nie as mededinger van die vryburgers op boerderygebied sou optree nie en vir die sukses van die onderneming het hy dus die voorwaarde gestel dat: „diende d' Ed. Comp.e dan met de lantbouw op te houden ende dat voor de vrije luijden alleen te laten”.¹⁹ Op die uiterste kon die V.O.C. nog 'n aantal beeste en „een klein thuijntjen”²⁰ aanhou, net om voedingsmiddele vir die plaaslike garnisoen voort te bring, maar „owerigens moes landbou en veeteelt in die hande van die vryburgers oorgaan, wat dan die nodige verversingsmiddele vir die passerende skepe sou produseer en dit teen billike pryse aan die owerheid sou afstaan”.²¹

Die tweede kardinale punt was dat daar 'n mark vir hulle produkte verseker moes word; indien nie, „cunnen wij niet dencken waer sij met haer goet blijven souden, want off sij al veel aenplanten ende niemant hadden die 't haer affcocht, waar souden de luijden. dan met de vruchten heen . . .”.²²

Behalwe die bestaan wat uit landbou en veeteelt gemaak kon word, het Van Riebeeck ook nog ander potensiële bronne van inkomste vir die vryburgers gesien. Daar was die vissery; hulle kon hulself op verskeie ambagte toelê (waarna daar 'n vraag sou ontstaan met die vermeerdering van die Kaapse bevolking),²³ en verder kon hulle ook „herberge . . . houden en neeringe . . . doen daer ijeder een aen lant blijvende als dan sijn nootdruft en hujsvestinge voor eijn gelt moch soecken en coopen”.²⁴

Om die welslae van die vryburgers verder te verseker, het Van Riebeeck aan die hand gedoen dat die V.O.C. moes afsien van sy gebruik om voedsel-rantsoene toe te staan. In plaas daarvan het hy 'n onderhoudstoelaag in die vooruitsigte gestel wat amptenare in staat sou stel om hul voedselbenodighede direk van die vryburgers te koop.²⁵ Op sigself sou so 'n stap 'n besparing vir die V.O.C. beteken, want solank as die maatskappy sy „officianten ende getroude dienaren” self moes voed, sou sy laste met die toename van amptenare aan die Kaap slegs toeneem in plaas van minder. In hierdie verband het die Kommandeur verder verklaar dat die posisie alreeds so was dat voorgenoemdes met hul afhanklikes byna soveel as „een halff Caeps guarnisoen cost op menghen”.²⁶

19. *Ibid.*, p. 95.

20. *Ibid.*, p. 95.

21. Thom, H. B.: *op. cit.*, p. 5.

22. Leibrandt, H. C. V.: *Letters Despatched*, Vol. II, p. 95.

23. Thom, H. B.: *op. cit.*, p. 6.

24. C 409, Inkomende Briewe, 1649-1660 (K.A.), p. 478.

25. Leibrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Despatched*, Vol. II, p. 237.

26. Thom, H. B.: *op. cit.*, p. 8.

Soos reeds aangedui, was een van Van Riebeeck se hoofmotiewe met die daarstelling van die vryburgers dat „gasie-trekkende” manskappe verminder moes word. As gevolg van die oornome van landbou deur die vryburgers het hy bereken dat die V.O.C. 25 man aan die Kaap kon afdank wat 'n direkte besparing van 4500 gulde sou meebring.²⁷ Hierbenewens het hy voorsien dat die garnisoen aan die Kaap verminder kon word deurdat „welgestelde luijden hier blijven die om de behoudnisse van haere conquesten al veel weer tegen alle vijandlijke attentaten soudén contribuirén ende Comp.s staet helpen verseeckeren ten welcken eijnde met goede ordre op fraije burgerlijke wacht ende geweer gestelt costen worden . . .”²⁸

Benewens die vermindering van uitgawes op bogenoemde wyse wou Van Riebeeck ook verseker dat die vryburgers se arbeid in voordeel van die V.O.C. aangewend word. Daarom het hy in sy missive van 28 April 1655 voorgestel dat die vryburgers hul vee en koring slegs aan die V.O.C. teen vasgestelde pryse moes lewer en hierbenewens aan die hand gedoen dat genoemde maatskappy as die alleenverskaffer van benodighede aan die vryburgers moes optree. Hierdeur kon verseker word dat „ . . . d' Ed: Comp.e van alles meester blyft”.²⁹

As verdere maatreël om die monopoliebeleid van die V.O.C. te ondersteun, het hy ook sy teenkanting teen veehandel tussen vryburgers en Hottentotte uitgespreek en hom verder ook teen vleisverkope deur die vryburgers aan skepe verklaar. Hierdie handel het hy verkies om in die hande van die V.O.C. te laat. Indien die vryburgers vrye teuels gegee sou word, het hy gevrees dat hulle die handel met die Hottentotte, waarvan hy hoë verwagtinge gekoester het, sou ruïneer. Bowendien was daar volgens sy mening genoeg ander weë vir hulle oop vir die maak van wins, soos bv. skaap- en pluimveeboerdery.³⁰ „Die meeste van sy argumente kom daarop neer dat vryburgers 'n vermindering van onkoste vir die Kompanjie aan die Kaap sou meebring. Die burgers moes uit die staanspoor verplig word om net met die Kompanjie te handel en hul ‚vrugten ende vee’ teen redelike pryse, wat sowel vir hulleself as vir die owerheid billik sou wees, te lewer. Dit sou beteken dat die owerheid steeds van goeie en oorvloedige middele ter verversing van die skepe sou wees, want partikuliere sou veel meer, en ook 'n beter gehalte van produk, voortbring as dienaars van die Kompanjie wat, ‚maer lompen en leuren zynde’ weinig belang in hul werk stel en hoogs voldaan met hulself is as hulle maar hul daaglikse kos en gasie win. Vir die owerheid sou dit voordeliger te staan kom om van die Koloniste in te koop as om al die nodige self te produseer”.³¹

Uit die voorafgaande blyk dit oorvloedig dat, alhoewel Van Riebeeck wou verseker dat die vryburgers kans gegun moes word om 'n redelike bestaan aan die Kaap te kan voer, hy nogtans deur middel van sekere beperkende maatreëls, hoofsaaklik op die terrein van die handel, verseker

27. *Ibid.*

28. Leibrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Despatched*, Vol. II, p. 97.

29. *Ibid.*, p. 95.

30. *Ibid.*, p. 237.

31. Thom, H. B.: *op. cit.*, p. 7.

het dat die vryburgers onlosmaakbaar aan die V.O.C. gekoppel word met die gevolg dat dit vir hulle onmoontlik sou wees om geheel en al 'n vrye en onafhanklike bestaan te voer.

Alhoewel formele goedkeuring vir die vryburgerskema reeds in 1655 deur die V.O.C. verleen is, is die eerste vrybriewe eers heelwat later, naamlik in 1657 toegeken. Hierdie voorlopige reëlings wat deur Van Riebeeck aan die hand gedoen is, het nogtans in 'n groot mate die toon geset vir die toekomstige verhoudingspatroon tussen die V.O.C. en die vryburgers.

Die eerste groeie van nege burgers wat vrybriewe van die V.O.C. ontvang het, is in twee „kolonies” ingedeel. Die een groep bestaande uit vyf lede, onder leiding van Harmen Remajenne (genoem „Harmens kolonie”) het hulle op die plaas „Groenevelt” gevestig terwyl die ander vier, onder leiding van Steven Janssen (genoem „Stevens Kolonie”) hulle op die plaas genaamd die „Hollantsen thuijn”³² gevestig het.

Die eerste ondernemings van die vryburgers was dus koöperatief en die bystand wat deur die V.O.C. verskaf is, is aan hierdie „kolonies” en nie aan individue nie, verskaf. Alles is egter nie volgens hierdie basis gereël nie, aangesien ander (meesal ongetroudes) wat hul vryheid geneem het, hulself as knegte aan hierdie gesamentlike ondernemings verhuur het.³³

Van Riebeeck het ook bepaal³⁴ dat elke groep in sekere vertakkinge van die landbou moes spesialiseer. Harmen se „kolonie” moes „’t principael op de Corenbou”³⁵ konsentreer, terwyl Steven se „kolonie”, hulle „benefens de granen oock op den tabacq meenen aan te leggen”,³⁶ terwyl beide groepe toegelaat sou word om pluimvee, varke en beeste asook enigiets anders wat hulle 'n wins kan besorg aan te hou „ . . . doch ’t principaelste oogmerk van de selve is na Comps. intentie op den landtbou: voor eerst ende de rest metter tijt”.³⁷

Die vryburgers is soveel grond „in volle eijgendom”³⁸ gegee as wat hulle in 'n periode van drie jaar kon bewerk — eiehandig of met behulp van slawe of ander voornemende vryburgers. Na die verstryking van hierdie periode, sou die eiendom aan sulke belasting onderwerp word as wat die V.O.C. sou goeddink „ . . . ende behoudenisse der vrijeluyden sal bevonden worden te behoren”.³⁹

Aangesien hulle die grond „in volle eijgendom . . . eeuwigh en erffelijck”⁴⁰ ontvang het, kon hulle na eie goeddunke daarvoor beskik, bv. hulle kon dit verkoop, verhuur of op enige ander wyse vervreem, maar op voorwaarde dat die kommandeur of sy gemagtigde verteenwoordiger vooraf hiervan in kennis gestel is.⁴¹ Hierbenewens is ook gestipuleer dat grond

32. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, op. cit.*, p. 91.

33. Robertson, H. M.: *op. cit.*, Vol. 13, nr. 2, p. 79.

34. Vir volledige uiteensetting van hierdie voorwaardes, kyk *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, op. cit.*, pp. 90-95.

35. *Ibid.*, p. 91.

36. *Ibid.*

37. *Ibid.*

38. *Ibid.*

39. *Ibid.*, p. 92.

40. *Ibid.*

41. *Ibid.*

nie op genoemde wyses vervreem mag word alvorens 'n inisiële periode van drie jaar nie afgeloop het nie. Gedurende dié periode moes die vryburgers sorg dat daar „naerstigh in de culture g'arbeijt moeten worden, principael om allerhande coren te winnen, Item oock tabacq 't welcke alte malen ten redelijcken prijse . . . voor d' E. Comp'e sal aff gecocht worden”.⁴²

Voorts is bepaal dat daar aan Harmen se groep landbou-implemente soos 'n ploeg, 'n hark, grawe, byle en pikke teen pryse verkoop sal word wat „niet hoger als het d' E. Comp.e in 't vaderlant selffs gecost heeft”.⁴³ 'n Aantal van 25 geleerde osse sou teen 25 gulde elk aan hulle verskaf word. Vis kon hulle slegs vir eie gebruik vang omrede daar gevrees is dat die landbou skade sou ly as te veel tyd aan visvangs, met die oog op moontlike winste, bestee word. Groente wat nie deur die V.O.C. vir verversingsdoeleindes benodig word nie, mag „vrije ende vranck”⁴⁴ aan skepe wat reeds 3 dae in die hawe was, verkoop word. Geen sterk drank mag van skepe aan wal gebring word nie.⁴⁵

Ook is neergelê dat die „vrijeluiden van de gemelde 2 colonien niet mogen eenige tapneringen op 't landt houden, maer hun principael met de culture aenqueeck van bestiael etc. bemoijen ende besigh houden. Sullen mede geensints eenighe koebeesten, schapen, oofte ijts ter werelt van de inwoonders mogen handelen op verbeurte van alle hare hier hebbende middelen”.⁴⁶ Beeste en skape kon hulle van die V.O.C. teen onderskeidelik 25 en 3 gulde elk koop. Vir gebruik van die V.O.C. se gemeenskaplike weiveld, moes een tiende van die toename in die getalle van genoemde diere aan die V.O.C. oorgedra word.⁴⁷

In ooreenstemming met die tentatiewe voorstelle wat Van Riebeeck voorheen aan die Here XVII gemaak het, het die Politieke Raad besluit om die vryburgers, vanweë die feit dat hulle „weijnigh, offte geen gelt in handen nocte oock veels op hare reecqe. Van d' E. Comp.e te goet hebben . . . , soo veel mogelijcq op de been te helpen, ende de handt te bieden”.⁴⁸ Genoemde hulp sou behels kredietverskaffing ten opsigte van „alle 't gene sij tot uijt voer der verhaelde saken ende montcosten van noden mochten hebben”.⁴⁹ As waarborg teen die skulde op genoemde wyse aangegaan, moes die vryburgers onderneem om hul graanoeste aan die owerheid te oorhandig en hierbenewens sou „maentgelden, landerijen, bestiael, ende goederen voor de gemelde schulden aen d' E. Comp.e verbonden (word), als vaste hipoteecken om daer altijt Comp.s t' achterheijt te mogen verhalen”.⁵⁰

42. *Ibid.*

43. *Ibid.*

44. *Ibid.*

45. *Ibid.*

46. *Ibid.*

47. *Ibid.*

48. *Ibid.*, p. 93.

49. *Ibid.*

50. *Ibid.*

Ten slotte is bepaal dat vir die bewaring van goeie orde en harmonie tussen die vryburgers, hulle sou resorteer „onder soodanige burgerlycke wetten, ende rechten als na de vaderlantse ende Indische manieren gebruijckelijk is, offte na desen tot dienst van d' E. Comp.e ende meerder welvaert van 't gemeen, bevonden sal worden te behoren ende bij placcaten offte andersints te stellen, 't welcke alles in desen te langh soude vallen te begriipen: maer bij tijt ende wijle sigh selffs wel sal aenwijsen: ende van onse Heeren Principalen uijt 't Patria vorders g'ordonneert cunnen worden, soo het deselve haer Ed. ten besten sullen bevinden te vereijschen”.⁵¹ Vir hul eie verdediging word hulle op krediet toegerus met „soodanigh schiet-geweer, cruijt ende loot etc. als hun sal duncken nodigh te wesen”.⁵²

Bogenoemde voorskrifte, wat onderhewig sou wees aan die goedkeuring van „onse heeren principalen”, wyk dus geensins af van die voorlopige reëlings wat Van Riebeeck in gedagte gehad het nie. Die leemtes wat wel daarin voorgekom het, veral met betrekking tot die V.O.C. te algemene beleid, is deur Kommissaris Rijkloff van Goens wat op 17 Maart 1657 met die *Orangie* by die Kaap aangedoen het, uit die weg geruim.

G. C. Olivier.

51. *Ibid.*

52. *Ibid.*